## ONS WERDA-LIED EN ANDER SANG EN MUSIEK.

Ons lede sal hul nog herinner dat in ons November-uitgawe van verlede jaar ons die voorreg gehad het om hul ons Werda-lied aan te bied. Sonder twyfel het ons Takke seker almal al 'n aanvang gemaak met die lied te oefen. As dit nie die geval is nie, is dit hoog tyd dat hul 'n begin daarmee maak. Te vaak is dit die geval met sulke liedere dat hul net deur 'n deel van die lede van 'n skool, 'n vereniging, 'n uniwersiteit of 'n bond ingestudeer en gesing word—en dan word hul vaak nog sonder gevoel gesing. Ons het genoeg van die soort gehoor om te kan oordeel dat so 'n halfhartige sing van 'n skoollied, by voorbeeld, blyk gee van 'n bloedlose en halfhartige skoollewe. Met ons Bond is dit nie anders nie; en waar ons onder die diep besef is van die hoë ideaal wat ons nastreef, sal ons eenvoudig nie anders kan nie as om luid, met krag, met gevoel en self met oortuiging ons Werda-lied te sing nie. Liewer moet ons dan glad nie ons lied sing nie as ons dit half wil doen, of sonder lus, of sonder gevoel. Maar ons *moet* ons lied sing, hard sing, lustig sing, met geesdrif sing, want hy kan ons inspireer met sy woorde en met sy musiek. Ons hoef nie skaam te wees om hom te sing nie. 'n Uniwersiteit of kollege sou bly wees om so 'n lied soos ons Werda-lied te kan hê. Nee, vir ons lied hoef ons nie skaam te wees nie—wel as ons 'om sleg sing; maar dan moet ons eerder vir onsself skaam wees.

En daar ons hierdie gedagte neergeskryf het, moet ook 'n ander woordjie in hierdie verband ons van die hart: Dis die strewe van ons Bond om die Afrikaanse kultuur ook op die gebied van die kuns te help bevorder. Ons kan baie doen op die gebied van sang en musiek. Deur Afrikaanse sang- en musiek-aande te organiseer—sê eenmaal elke veertien dae of drie weke—en deur die publiek en veral Jong Suid-Afrika uit te nooi om, so nie almal nie, dan party van die aande by te woon, kan ons baie doen om ook in sang en musiek 'n nasionale smaak by ons volk aan te kweek. Op sulke aande kan daar dan verskeie voordragte wees van Afrikaanse liedere en musiek, maar veral ook moet die hele gehoor aangemoedig word om saam te sing ons mooi Afrikaanse liedere. Ons wil hier verwys na prof. Mansvelt se versameling Hollandse en Afrikaanse volksliedere; na die liederebundeltjie onlangs deur die Studenteraad van die Uniwersiteit van Stellenbosch uitgegee en wat verkrygbaar is by die Uniwersiteitsboekhandel, Stellenbosch, teen 2s. 6d. per eksemplaar; en verder wil ons ook nog herinner aan die bundel Afrikaanse liedere wat deur 'n kommissie deur die Kongres van die Gefedereerde S.B.W. en A.S.B. aangestel, versamel word en seker binnekort die lig sal sien.

Deur 'n musiekgeselskap van Stellenbosse studente wat verlede jaar deur ons land getoer het, is baie goeie werk gedoen. Ook het die Studenteraad van die Stellenbosse Uniwersiteit reeds verlede jaar 'n besluit geneem om hierdie jaar 'n aanvang te maak op Stellenbosch met sulke sang- en musiekaande. Graag sou ons wil hoor as daar reeds op ander plekke in ons land met sulke aande 'n aanvang gemaak is, en hoe dit aangaan. Onder bekwame leiding kan sulke byeenkomste 'n groot sukses wees. Ons Afrikaanse kultuur word op 'n baie direkte manier daardeur bevorder; want ons Afrikaanse musikale kunstenaars sal daarin ook 'n direkte aanmoediging vind, omdat hulle tot nou toe onder baie ontmoedigende omstandighede hul werk moes voortsit.

Hier is werk vir ons Bond—'n pragtige werk. Ons moet dit doen.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012